# Slegs die regte waardes gaan vir jou die toekoms gee wat jy wil hê

## Kies jou toekoms - Deel 1

**Louis Du Piesanie 23/09/2018**

**Deuteronomium 30:15-16 (NLV) "Luister nou! Vandag gee ek vir julle 'n keuse tussen voorspoed en teëspoed, lewe en dood. 16 Ek beveel jou vandag om die Here jou God lief te hê en om sy opdragte, voorskrifte en reglemente na te kom deur in sy weë te wandel. As jy dit doen, sal jy lewe en 'n groot nasie word. Die Here jou God sal jou en die land seën wat jy op die punt is om in besit te neem."**

**Deuteronomium 30:17-19 (NLV) " Maar as jy jou hart wegdraai en jy weier om gehoorsaam te wees en as jy aangetrek word na ander gode toe om hulle te dien en te aanbid, dan waarsku ek jou nou dat jy verseker vernietig gaan word. Jy sal nie 'n lang en goeie lewe geniet in die land wat jy in besit gaan neem wanneer jy die Jordaan oorsteek nie. "Vandag gee ek aan jou die keuse tussen lewe en dood, tussen seën en vloek. Ek roep die hemel en die aarde as getuies vir die keuse wat jy gaan maak. Mag jy tog die lewe kies sodat jy en jou nageslag mag lewe!"**

### MOSES SE VIER LEWENSVORMENDE KEUSES:

**Hebreërs 11:23-27 (AFR83) "Omdat die ouers van Moses geglo het, het hulle hom na sy geboorte drie maande lank weggesteek toe hulle sien dat hy 'n mooi kindjie is. Hulle was nie bang vir die bevel van die koning nie. Omdat Moses geglo het, het hy toe hy groot geword het, GEWEIER om die seun genoem te word van die Farao se dogter. Hy het VERKIES om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om die kortstondige genieting van sonde te hê. Die smaad ter wille van die Christus het hy 'n groter rykdom GEAG as die skatte van Egipte, omdat hy na die beloning uitgesien het. Omdat hy geglo het, het hy Egipte verlaat sonder dat hy vir die woede van die koning bang was. Hy het VOLHARD soos iemand wat die onsienlike God sien."**

### 1. MOSES HET GEWEIER OM DEUR ANDER GEDEFINIEER TE WORD.

**Hebreërs 11:24 (AFR83) "Omdat Moses geglo het, het hy toe hy groot geword het, GEWEIER om die seun genoem te word van die Farao se dogter."**

**Romeine 12:2 (NLV) "Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragspatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hy wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is."**

**1 Tessalonisense 2:4 (AFR83) "Ons wil nie die guns van mense probeer wen nie, maar doen wat God verwag, Hy wat ons diepste gedagtes toets."**

**Jeremia 29:11 (AFR83) "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"**

**2. MOSES HET KORTTERMYN PYN GEKIES VIR LANGTERMYN WINS.**

**Hebreërs 11:25 (AFR83) "Hy het verkies om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om die kortstondige genieting van sonde te hê."**

**2.1.** God sal die korttermyn pyn gebruik om ons te help groei.

**Romeine 5:3-4 (AFR83) "Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, 4 en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop."**

**2.2.** God sal ons in die hemel beloon.

**2 Korintiërs 4:17 (AFR83) "Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly."**

**3. MOSES HET GOD SE WAARDESISTEEM GEKIES BO SY KULTUUR SE WAARDES.**

**Hebreërs 11:26 (AFR83) "Die smaad ter wille van die Christus het hy 'n groter rykdom GEAG as die skatte van Egipte, omdat hy na die beloning uitgesien het."**

**3.1.** Wat se waardesisteem volg die wêreld?

- Populariteit, Prestige & Krag.
- Genot "die genot van sonde".
- Besittings "die skatte van Egipte".

**1 Johannes 2:17 (AFR83) "En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe."**

**3.2.** Waar lê God se aandag?

- God se doelwitte is belangriker as gewildheid.
- Mense is belangriker as genot.
- Gemoedsrus is meer waardevol as besittings.

**4. MOSES HET GEKIES OM IN GELOOF TE LEWE EN NIE IN VREES NIE.**

**Hebreërs 11:27 (NIV) “Hy het VOLHARD soos iemand wat die onsienlike God sien.”**

**Galasiërs 2:16 (NLV) “weet dat niemand deur die wet te onderhou deur God vrygespreek word nie. Net deur die geloof in Jesus Christus kan dit gebeur!”**

**GESPREK GITS**

**SLEGS DIE REGTE WAARDES GAAN VIR JOU DIE TOEKOMS GEE WAT JY WIL HÊ**

**KIES JOU TOEKOMS - DEEL 1**

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS ‘N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Laat jy soms toe dat ander mense se opinies jou definieer?
2. Kan jy insien dat die probleme, wat tans jou lewe moeilik maak, jou kan help groei en voorberei op dit wat die toekoms inhou?
3. Dink jy dat jou waardes en God se waardes ooreenstem?
4. As jy met jouself eerlik is, maak jy keuses in geloof of uit vrees?